**Saterdag 27 Julie**

| | |
|---|---|
| **Skrifgedeelte: Johannes 18:39 – 19:27** | **Fokusgedeelte: Johannes 18:37; 19:26, 27** |

## In sy eensaamheid skep Hy steeds gemeenskap

Die wêreld is op sy kop. Die boewe loop vry op straat. Die mense met posisie en mag om die samelewing te dien en te lei, glimlag vroom, maar konkel met die onderwêreld. Is daar hoop vir so ’n samelewing?

Hierdie beskrywing is waar van die samelewing in Jesus se tyd én vandag. In hierdie hoofstukke sien ons hoe al die kringe van die samelewing Jesus verloën en met omgekeerde waardes die vrylating van ’n rower vier. Die mensdom in al sy vlakke en vorme is verrot en het ’n Verlosser nodig. Maar die Verlosser doen nie met hulle wat hulle met Hom doen nie. Hy keer nie sy rug op hulle nie. Hulle maak dit dan nou juis duidelik hoe nodig die mensdom ’n Verlosser het.

Terwyl die leiers Hom versaak, beur Hy soos ’n ware leier vorentoe om te doen wat hulle nie vir hulleself kan doen nie. Sy antwoord aan Pilatus in 18:37 is daarom kragtig: “Dit is soos u sê: Ek is ’n koning.” ’n Volmaakte Koning wat voor in die linies diens doen en sterf. ’n Koning wat self vinger-alleen gelos word, maar steeds in sy laaste oomblikke dink aan die eensaamheid van sy goeie dissipel-vriend Johannes en sy verwese ma, Maria. Terwyl die samelewing uitmekaar val, begin Jesus ’n nuwe gemeenskap aanmekaar weef. ’n Teken van hoop!

Jesus die Koning het ’n alleenpad gestap waarop ons nooit kon saamstap nie, omdat Hy dit ook vir óns moes stap. En terwyl die wêreld vandag maar steeds uitmekaar val, sien Hy steeds jou eensaamheid en weef Hy jou in ’n nuwe gemeenskap aanmekaar met ander. ’n Genade-gemeenskap as ’n teken van hoop aan die wêreld!

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6*

*Ds. G van Wyk (Griffel) (Rustenburg)*